

DISSIPELSKAP. LES 9

1	GEBED
---	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir luister na sy stem. Wy hierdie les oor die maak van dissipels aan die Here toe.

2	AANBIDDING (20 minute)	[KENMERK VAN GOD] GOD IS LIEFDE
---	------------------------	------------------------------------

Definisie

Lees voor. Aanbidding is:

- 'n houding van ontsag, bewondering, oorgawe en toewyding aan God,
- uitgedruk in verskillende vorms van gebed en die daaglikse lewe (jou leefstyl).

Om God werklik te aanbid, moet jy "die God van die Bybel" leer ken.

Daarom staan ons by elke aanbidding by slegs een kenmerk (eienskap) van God stil waarvoor ons Hom aanbid.

Tema: God is LIEFDE.

Lees die uitleg voor of lê dit in jou eie woorde uit.

1. God se aard (natuur, wese) is liefde.

Lees Jesaja 43:2; Romeine 5:8-10.

(1) God het die mense van die wêreld lief soos 'n lewensredder.

'n Lewensredder spring in die vloedwater in of gaan in 'n brandende huis in terwyl hy sy eie lewe op die spel plaas, sodat hy mense kan red. Die vloedwater (van die Rooi See) is 'n simbool van die goddelose en slegte volke wat oor die aarde stroom (Jesaja 17:12-13). Die vuur (oond waarin Daniel se drie vriende gegooi is) (Daniël 3:25-27) is 'n simbool van die vervolging van Christene.

(2) God het die mense van die wêreld lief soos 'n herder.

'n Herder is lief vir sy skape wat wegraak en gaan soek hulle totdat hy hulle vind.

(3) God het ons lief soos 'n vader en moeder.

'n Goeie ouer het sy kinders lief, sorg vir hulle, beskerm, voed en leer hulle.

(4) God het ons lief soos 'n vriend sy vriend liefhet.

'n Vriend wil graag saam met sy vriend wees en vir mekaar goed doen en interessante dinge saam doen.

(5) Maar bowenal het God ons selfopofferend lief.

God bewys sy selfopofferende liefde deur Jesus Christus te gee om sy lewe vir ons aan die kruis af te lê. Hy het ons selfopofferend lief om ons te red van die sonde en van die ewige verderf. God se liefde het Jesus Christus gestuur as 'n soenoffer vir ons sondes. Deur sy dood aan die kruis, was Jesus Christus die Een wat God se heilige en regverdige toorn oor ons sonde tot bedaring gebring het, ons sondes weggevat het en ons met God versoen het.

2. God het ons eerste liefgehad.

Lees 1 Johannes 4:7-21.

God is altyd eerste met sy gedagtes en planne, woorde en daede ten opsigte van ons!

(1) Voor die skepping van die wêreld

het God ons reeds liefgehad en bestem dat ons sy geestelike seuns en dogters sou wees (Efesiërs 1:4-5).

(2) Voordat ons nog gebore is

het God reeds Jesus Christus gestuur om vir ons sondes aan die kruis te sterf (1 Petrus 3:18).

(3) Voordat ons nog ooit van Jesus Christus gehoor het

het God reeds besluit om ons te bereik en het Hy ander mense gestuur om die evangelie aan ons te verkondig (Romeine 10:14-17).

(4) Voordat ons nog in Jesus Christus geglo het en Hom aanvaar het

het God reeds in ons harte gewerk om die boodskap van die evangelie te verstaan en te glo (Johannes 16:8).

God het ons eerste liefgehad om ons vir Homself te wen. En noudat Hy ons vir Homself gewen het en ons Hom ontvang het, kan ons met liefde op sy liefde reageer. God wil nie die enigste Een wees wat liefhet nie. Hy wil ook hê dat al sy kinders Hom sal liefhê. Nadat ons in Jesus Christus begin glo het, leef ons nie meer langer in vrees vir die regverdige

straf van God (in die hel) nie, maar leef ons in liefde tot God en tot mekaar, en het niks meer te vrees in die oordeelag nie (1 Johannes 4:17-18).

<u>vóór Christus</u>	<u>Christus</u>	<u>ná Christus</u>
*is ons nog ongelowig	*het die waarheid oor God en oor onself geopenbaar	* glo ons in die God wat Homself in Jesus Christus aan ons geopenbaar het
*is ons nog onder God se toorn (Romeine 1:18)	*het 'n soenoffer gebring wat God se toorn van ons afgewend het (1 Johannes 4:10) en ons sodoende met God versoen het (Romeine 5:9-10)	*is ons onder God se volmaakte liefde (1 Johannes 3:1) en besef ons dat Hy ons eerste liefgehad het en ons vir ewig sal liefhê!
*is ons nog onder God se vloek (Galasiërs 3:10)	* het ons verlos van die vloek deur vir ons 'n vloek te word (Galasiërs 3:13)	*is (leef) ons onder God se seën (Galasiërs 3:14; Efesiërs 1:3)
* vrees ons nog God se straf (1 Johannes 4:17-18)		*het ons niks meer te vrees op die oordeelsdag nie (1 Johannes 4:17-18)
*is ons nog verlore sondaars (Lukas 5:31-32; 19:10)		*is ons gevind en leef ons vir ewig (Lukas 15:24)

Nét deur die kruis (die dood en opstanding) van Jesus Christus

- het *God se geregtigheid* (sy regverdige woede oor die sonde van mense) (gesimboliseer deur die horisontale balk van die kruis)
- met *God se barmhartigheid* (sy genadige liefde) (gesimboliseer deur die vertikale balk van die kruis) ons met Hom versoen!

Hierdie twee waarhede vorm 'n kruis en is ook die betekenis van die kruis. Die kruis het God se heilige en regverdige toorn oor ons sonde *tot bedaring gebring*, al ons sondes weggevat en ons met God versoen, sodat sy liefde ons kan optel, omarm en teen sy bors vasdruk.

3. God het ons met 'n ewige liefde lief.

Lees Jeremia 31:3; Romeine 8:39.

God het ons vandag nog net so lief soos in die begin en Hy sal ons môre nog net so lief hê as wat Hy ons in die verlede aan die kruis liefgehad het. God se liefde swaai nie heen en weer of op en af soos die liefde van mense met omstandighede en gevoelens swaai nie. God se liefde is ewig en bly konstant. “Niks sal ons ooit kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus ons Here is nie.”

4. God se liefde verander ons.

Lees Romeine 5:5.

God se liefde raak nie net ons gevoelens nie, maar *verander ook ons lewens*. Sy liefde maak dat ons Hóm lief het, dat ons mekaar lief het en selfs mense wat ons eintlik nie wil lief hê nie (ons vyande) kan liefhê. Die feit is dat ons God alleenlik kan liefhê, nadat God ons eerste liefgehad het en Hy sý liefde in ons harte uitgestort het. Romeine 5:5 sê, “God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.” Goddelike Liefde (Grieks: agapé) ontstaan nie in die hart van mense nie. Liefde kom net van die God van die Bybel af (1 Johannes 4:7). Goddelike Liefde is deel van God se aard (natuur, wese) en God is ook die enigste Bron van liefde in die wêreld.

Aanbidding.

Laat elkeen in die groep met een of twee sinne God as die God van liefde aanbid.

3	DEEL (20 minute)	<i>[STILTETYE]</i> JOHANNES 1:1 – 4:22
---	------------------	---

Maak beurte en deel kortliks (of lees van) jou notas wat jy geleer het uit een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes (Johannes 1:1 – 4:22). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie bespreek wat hy deel nie.

4	ONDERRIG (70 minute)	<i>[GEHOORSAAMHEID]</i> DIE GROEI STUDIE
---	----------------------	---

A. DIE VERANTWOORDELIKHEID VIR GROEI

Wie is verantwoordelik vir jou geestelike groei? Twee gelykenisse uit Markus 4 beantwoord die vraag.

1. Die gelykenis van die saaiër (eintlik: die gelykenis van vier verskillende harte).

Wie is verantwoordelik vir geestelike groei en dra van vrugte?

Lees Markus 4:1-20 (vgl. Matteus 13:3-23; Lukas 8:4-15)

Aantekeninge. ‘Die saad’ verteenwoordig die Woord van God (Lukas 8:11), spesifiek die boodskap oor die koninkryk (Matteus 13:19). ‘Die grond’ verteenwoordig die *toestand en houding* van die hart van mense (Matteus 13:19; Lukas 8:12).

(1) Die saad wat op die pad val.

Dit is ’n voorstelling van ’n persoon met ’n ongevoelige en verharde hart wat nie op die boodskap (die Woord) reageer nie. As hierdie toestand of houding jou hart kenmerk, reageer jy glad nie op die Woord van God nie. Jy is deurentyd van mening dat daar niks belangriks vir jou in die Bybel is nie. Jy wend geen poging aan om die boodskap van die Bybel te verstaan nie (Matteus 13:19) of jy stel jou reaksie daarop uit. Gevolglik raak jou hart *onverskillig* en verhard. Satan ken die potensiele krag van die Woord van God en is voortdurend gereed om dit, wat nie aanvaar word nie, weg te ruk!

Die groot les is om die Woord van God *te aanvaar* (Markus 4:20) en om, wanneer jy dit ook al hoor, lees of bestudeer, alle moontlike pogings aan te wend *om dit te verstaan* (Matteus 13:23)! Maak onmiddellik werk van jou houding van onverskilligheid, uitstel of vyandigheid!

(2) Die saad wat op ’n klipbank val.

Dit is ’n voorstelling van ’n persoon met ’n impulsiewe en oppervlakkige hart wat nie regtig wil vasbyt nie. As hierdie toestand of houding jou hart kenmerk, dan reageer jy op die Woord van God sonder om daaroor na te dink. Jy neem die Woord van God dadelik aan sonder om mooi oor die gevolge na te dink. Eers is jy in vervoering en entoesiasies omtrent die Woord van God, maar wanneer daar moeilikheid en vervolging kom, dan sak jy uit. Jy is nie werklik gewortel in die Woord van God nie, en kan daarom ook nie die Woord van God met volharding bewaar of vashou nie. Jy beseft nie dat ware dissipelskap oorgawe en selfverloëning vra, ja selfs opofferings en lyding.

Die eintlike les (boodskap) is *om God se Woord vas te hou* (Lukas 8:15), d.w.s. onder alle omstandighede te bly glo en te gehoorsaam! Maak werk van die neiging om by die aanhoor van die Woord van God net emosioneel geraak te word! Dis ’n gevaar wanneer mense op konferensies en op preke en boeke van ander mense bly voortdryf.

(3) Die saad wat tussen die dorings val.

Dit is ’n voorstelling van ’n persoon met ’n verdeelde of vuil hart wat deur ander dinge in beslag geneem word. As hierdie toestand of houding jou hart kenmerk, dan reageer jy eerder op ander dinge as die Woord van God. Jy het die verkeerde prioriteite. Die sorg van die lewe, die bedrieglikheid van rykdom, die genieting van die lewe en die begeertes vir ander dinge as waarvan God hou, trek gedurig jou aandag af. Jou hart is verdeel tussen die dinge van die wêreld en die dinge van God. Die wêreldse dinge verstik die dinge van God. Gevolglik dra die Woord van God nooit enige vrugte in jou lewe nie.

Die eintlike les (boodskap) is *om jou hart skoon, eerlik en onverdeel te hou* (Lukas 8:15). Hou jou hart vry van die sorg oor die lewe, die bedrieglikheid van rykdom, die genieting van die lewe en die begeertes vir die verkeerde dinge. Reken onmiddellik met die bekommernisse van die lewe, met geneigdheid tot materialisme en met verkeerde begeertes en verkeerde prioriteite af.

(4) Die saad wat op die goeie grond val.

Dit is ’n voorstelling van ’n persoon met ’n goed voorbereide hart wat reageer, vashou en met onverdeelde volharding vrugte dra. As hierdie toestand en gesindheid jou hart kenmerk, dan reageer jy telkens weer op die Woord van God soos wat Jesus Christus dit graag sou wou hê.

- In teenstelling met die eerste grond *hoor, verstaan en aanvaar jy die Woord van God* (Matteus 13:23; Markus 4:20).
- In teenstelling met die tweede grond *hou jy die Woord van God diep in jou hart en hou jy onder alle moeilike omstandighede daaraan vas* (Lukas 8:15).
- In teenstelling met die derde grond *hou jy jou hart skoon en vry van dit wat God se Woord kan verstik* (Lukas 8:15).
- Sodoende, as die vierde grond, *dra jy met inspanning en volharding vrug vir God* (Lukas 8:15). Soms dra jy dertigvoudig en soms honderdvoudig vrug (Matteus 13:23; Markus 4:20)!

(5) Die boodskap van hierdie gelykenis.

Die toestand en houding van jou hart bepaal die reaksie wat jy gaan hê op die Woord van God. En jou reaksie op die Woord van God bepaal hoeveel vrug jy vir God gaan dra (hoeveel geestelike invloed jy gaan hê).

2. Die gelykenis van die saad wat in die geheim groei.

Wie is verantwoordelik vir geestelike groei en vrug dra?

Lees Markus 4:26-29.

Aantekeninge.

(1) Groei is vir mense ’n misterie (Markus 4:26-27).

In die gewone natuur is *groei* altyd ’n misterie! Niemand kan volledig verduidelik hoekom en hoe groei plaasvind nie, of dit nou die groei van plante of bome, of diere of mense is, dit maak nie saak nie! Die boer strooi sy saad op die land,

terwyl hy ten volle bewus is daarvan dat hy nie self die saad kan laat groei nie. Hy het geen beheer oor die prosesse van ontkieming, uitspruiting, groei, die vorming en dra van die vrug. Baie dae en nagte gaan verby waartydens die boer niks doen met die plante nie, en tog groei dit! Maar hy weet nie *hoe* nie! Verseker kan hy die saad mooi toemaak, die onkruid uittrek, die bogrond losmaak, bemesting opgooi en miskien selfs water op plante gooi. Al hierdie dinge *bevorder wel groei, maar hulle kan nie groeiproses laat gebeur nie!* Al wat die boer kan doen, is om te vertrou dat die saad sal groei en geduldig wag tot die oestyd. Hy moet die groeiproses heeltemal aan God oorlaat en God vertrou om dit te laat werk.

Op dieselfde wyse is geestelike groei ook 'n misterie. God is die Oorsprong van die vestiging van sy koninkryk of heerskappy en ook van die groei daarvan in die harte en lewens van mense. Dis 'n gevolg van sy wil dat die geestelike saad, die woorde van die Bybel, hulle met steeds toenemende kragtige invloed laat geld in die harte en lewens van mense en sodoende ook op die breë gemeenskap in die algemeen (Johannes 3:5-8; 1 Korintiërs 3:5-9).

(2) Die potensiele krag van die saad (Markus 4:28).

Heeltemal op hulle eie, sonder enige sigbare oorsaak en menslike hulp, ontkiem die saad in die grond, spruit uit, groei tot 'n groot plant, vorm 'n kop en ontwikkel die graan in die kop. Dis asof God die geheim of misterie van groei toevertrou aan die klein saadjie het. Net soos 'n vooraf geprogrammeerde rekenaarmikroskopiese wetenskap weet die natuurlike saad presies wat dit moet doen en wanneer dit gedoen moet word en hoe dit gedoen moet word. God het aan die klein saadjie groot potensiele krag of moontlikheid toevertrou.

Op dieselfde wyse het God se Woord groot potensiele krag. Christene doen moeite om die Woord van God te preek en indien moontlik daarvoor te sorg dat dit erken word en gehoorsaam word in elke lewensterrein, soos die familie, die kerk, die regering, die onderwys, die landbou, die industrie, die handel en die massa media. Nietemin, sonder enige menslike hulp, weet die Woord van God wat om te doen, wanneer om dit te doen en hoe om dit te doen. Bietjie vir bietjie gaan die Woord van God van een persoon na 'n volgende persoon, van een nasie na 'n volgende nasie en oefen sy krag en invloed op elke lewensterrein uit (1 Petrus 1:23 - 2:3; Handeling 19:10).

(3) Die oestyd sal die finale oorwinning wees (Markus 4:29).

Vers 29 sê: "En wanneer die graan ryp is, steek hy dadelik die sekel in, omdat die oestyd daar is" Die beskrywing van die oestyd is dramaties: 'Dadelik', wanneer die graan ryp is, sal die boer sonder versuim die oes insamel! Hierdie feit is 'n groot troos en bemoediging vir almal wat die Woord van God saai om te wag dat die oestyd van God aanbreek, want wanneer dit aanbreek is die finale oorwinning daar!

Netso moet God se plan rakende sy koninkryk uitgevoer word en sal dit gewis uitgevoer word! Die koms van die koninkryk van God is onkeerbaar! Die saad groei volgens sy eie inherente, Godgegewe wetmatigheid, selfs al sien die boer nie dat dit gebeur nie. Op dieselfde manier groei God se werk in sy koninkryk volgens sy wil, selfs al sien ons dit nie altyd nie! Op die vasgestelde tydstip, soos bepaal in God se plan, sal die koninkryk van God in al sy prag geopenbaar word (Matteus 13:41; Openbaring 11:15).

(4) Die boodskap van hierdie gelykenis.

Nie 'n mens nie, maar God alleen is die Outeur van die geestelike groei, of anders gesê, van die vestiging en vooruitgang van sy koninkryk (koningskap, heerskappy) in die harte en lewensterreine van mense op aarde. God doen dit op 'n absolute soewereine manier.

Hierdie gelykenis is 'n ernstige waarskuwing teen so baie menslike entoesiasme, idealisme en ongeduld rakende God se werk. Mense vra, "Hoekom vestig God nie al vroeër die volheid van sy koninkryk in hierdie donker en gebroke wêreld nie?" Die uiteinde is dikwels ontmoediging, pessimisme, twyfel en verlies aan ywer en volharding. Hierdie gelykenis wil ons pessimisme verander in optimisme en idealisme. Waar ons ook al God se Woord saai, sal daar eendag 'n oes wees. "So sal die woord wat uit my mond kom, ook wees, dit sal nie onverrigtersake na My toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het" (Jesaja 55:11)! Selfs al is daar baie dinge wat ons nie verstaan nie, God se plan en program kán nie en sál ook nie misluk nie!



3. Die verhouding tussen hierdie twee gelykenisse.

Leer. Die gelykenis van die saad wat in die geheim groei, beklemtoon **die soewereiniteit (almag) van God** ten opsigte van alle geestelike groei. Nie jy nie, maar alleen God is die Outeur van geestelike groei in jou lewe. "... Dit is God wat laat groei" (1 Korintiërs 3:6)! Die saad kan alleen uitspruit, groei en vrug dra as God dit laat groei! God vestig sy koninkryk of heerskappy in jou hart op 'n soewereine manier en Hy bepaal die voortgang daarvan in jou lewe en ook in die lewe van elk ander mens.

Dit sluit egter nie die waarheid uit dat Christene met God moet saamwerk deur te plant en water te gee nie (1 Korintiërs 3:6-9). Die gelykenis van die saaiër (of te wel: die gelykenis van vier hartsgesindhede) beklemtoon **die verantwoordelikheid van die mens** ten opsigte van sy eie geestelike groei. Die mate van geestelike groei in jou lewe hang van jou eie reaksie op die Woord van God af. Jou eie reaksie op die Woord van God hang weer af van die toestand en ingesteldheid van jou eie hart.

B. DIE VERSKIL TUSSEN DOOIE EN LEWENDIGE DINGE?

Wat is die verskil tussen 'n motor en 'n boom?


 <p>Aantekeninge. 'n Motor</p> <ul style="list-style-type: none"> - is dood en is gemaak van dooie materiaal - is ontwerp en gemaak deur 'n mens - deur middel van 'n uiterlike monterbaan - volledige onderdele word van buite af aanmekaar geskroef - kan glad nie groei nie en word steeds slegter - elke kar is maar één eksemplaar uit duisende van dieselfde model - na produksie verander die model (vasgestelde vorm) nie meer nie - kan nie 'n ander motor produseer nie (sigself vermenigvuldig nie) - veroorsaak vervuiling en afval - kan binne 'n paar uur geproduseer word - kos alleen maar baie geld om te onderhou - vervuil die lug (omgewing) - degenerereer totdat dit as geroeste skrootmateriaal eindig 	 <p>Aantekeninge. 'n Boom</p> <ul style="list-style-type: none"> - is lewendig en groei as 'n lewende organisme - is ontwerp en gemaak deur God - deur middel van voortdurende innerlike groei - elke houtsel en sel van 'n blaar groei van binne-af - bly voortdurend groei en word steeds beter - elke boom en elke blaartjie daarvan is uniek - verander voortdurend - kan sigself reproduseer (vermenigvuldig) - dra vrugte in seisoen - vat baie lank om te groei en het verskillende groei fases - kan met hout en vrugte baie geld verdien - suiwer die lug (omgewing) - kan nie staties bly nie; maar moet groei of sterf en dien dan self as voedsel vir nuwe lewe
--	---

C. DIE GROEIFASES

1. Die fisiese groeifases van 'n plant.

Teken. Teken 'n illustrasie van die onderskeie fases wat beskryf word in Markus 4:28-29.

'n Illustrasie van die onderskeie fases van groei.



Leer. Die oorgang van een groeifase na die volgende gebeur so geleidelik dat dit nie werklik waargeneem kan word nie. Die boer kan nie die presiese oomblik bepaal wanneer die stingel in 'n aar ontwikkel nie, of wanneer volledige pitte in die aar gevorm word nie. Maar onder normale omstandighede is groei onafwendbaar. Niks kan die groeiproses keer nie. Fisies groei alle lewende dinge of gaan dood. Dit kan nie net staties bly nie. Plante, bome, diere en mense moet bly groei of anders gaan hulle dood, maar hulle kan nie net dieselfde bly soos 'n klip nie. Alle lewende dinge gaan ook deur verskeie fases van groei en netso moet ook Christene op geestelike gebied deur verskillende geestelike fases groei.

2. Die fases van geestelike groei van 'n Christen.

(1) Wat is die drie fases van geestelike groei van 'n Christen in die brief aan die Hebreërs?

Lees Hebreërs 5:11 tot 6:3.

Aantekeninge. Die skrywer berispe die Hebreëuse Christene. Hy sê dat alhoewel hulle alreeds vir 'n lang tyd Christene is, hulle nie gegroei het nie. Hier word drie soorte Christene beskryf: die babas, die volwassenes en die onderwysers (leraars). Elkeen van hulle het die volgende geestelike karaktertrekke:

Die babas	Die volwassenes	Die onderwysers (leraars)
<ul style="list-style-type: none"> *Hulle vind dit moeilik om die Bybel te verstaan (5:11). *Hulle is stadig om te leer. Hulle het baie tyd, motivering, herhaling en aanmoediging nodig (5:11). 	<ul style="list-style-type: none"> *Hulle eet vaste kos (Hulle lees en bestudeer die Bybel self). *Hulle gebruik voortdurend die Bybel en pas die dinge wat so geleer is in die praktyk toe (5:14). 	<ul style="list-style-type: none"> *Hulle leer babas om te groei tot volwassenheid (5:12).

<p>*Hulle het 'n onderwyser nodig om hulle te help verstaan en groei (5:12).</p> <p>*Hulle moet met melk gevoed word (die baie eenvoudige waarhede in die Bybel; die eerste dinge wat aangaande Christus verkondig word)(5:12; 6:1-2).</p> <p>*Hulle is nie vertrouwd met die leer van die Bybel nie (5:13).</p> <p>*Hulle vind dit moeilik om te onderskei tussen wat reg en verkeerd is (5:14).</p>	<p>*Hulle onderskei goed en kwaad van mekaar (5:14).</p>	
---	--	--

(2) Wat is die drie groei stadiums (fases) van Christene in die brief aan die Korintiërs?

Lees 1 Korintiërs 2:14 tot 3:11.

Aantekeninge. Paulus skryf aan die gemeente in Korinte wat 'geestelik' werklik beteken. Die drie verskillende soorte Christene wat beskryf word is: die kindertjies, die geestelike Christene en die werkers. Elkeen het die volgende karaktertrekke:

Die kindertjies	Die geestelike Christene	Die werkers
<p>*Hulle dink en tree nog op soos wêreldse mense (gedra hulle nog soos nie-Christene)(3:1).</p> <p>*Hulle is jaloers en baklei (3:3).</p> <p>*Hulle is verdeeld in kerkelike groepe (1 Korintiërs 1:10-12)(3:4).</p>	<p>*Hulle het die Gees, is geestelik en beoordeel dinge geestelik (2:14).</p> <p>*Hulle dink soos Christus (2:15).</p> <p>*Hulle laat hulle deur die Gees van God lei (3:1).</p>	<p>*Hulle is dienaars van God. Elkeen het sy bepaalde werk van die Here gekry (3:5).</p> <p>*Party medewerkers van God plant (evangeliseer). Ander medewerkers van God maak dit nat (sorg vir die gelowiges wat groei)(3:6).</p> <p>*Party werkers lê die fondament (lei mense na Christus). Ander werkers bou die gebou van God (lei gelowiges tot volwassenheid)(3:10).</p>

(3) Wat is die drie groei stadiums (fases) van Christene in die brief van Johannes?

Lees 1 Johannes 2:12-14.

Aantekeninge. Johannes skryf aan sy geestelike kinders wat op verskillende vlakke van groei is. Die drie verskillende soorte Christene wat beskryf word is: die kinders, die jongmanne en die vaders. Elkeen het die volgende karaktertrekke:

Die kinders	Die jongmanne	Die vaders
<p>*Hulle is vergewe (2:12).</p> <p>*Hulle ken God die Vader (2:13).</p>	<p>*Hulle is sterk (2:14).</p> <p>*Die Woord van God leef in hulle (2:14).</p> <p>* Hulle het die bese oorwin (2:14).</p>	<p>*Hulle ken God al lankal (ervaring) (2:13).</p> <p>*Hulle het (geestelike) kinders.</p>

D. CHRISTELIKE GROEI

1. Christelike groei.

Elke Christen moet bly groei. Paulus, Johannes en die skrywer van die brief aan die Hebreërs stel almal dit duidelik dat 'n Christen moet bly groei. Om 'n Christen te wees is 'n proses en nie net 'n posisie nie. Om 'n Christen te wees is om 'n pelgrim te wees op reis deur die lewe en nie om êrens tot stilstand te kom nie. Die Christen se verlossing het 'n beginpunt en gaan dan voort langs 'n lyn totdat dit by Christus se tweede koms voltooiing bereik (1 Korintiërs 15:26)!

2. Die stadiums van die Christen se groei.

(1) Die Christen se stadiums (fases) van groei.

Die Bybel praat van drie groei stadiums:

- (1) die kind-fase ('n nuwe gelowige)
- (2) die volwasse-fase ('n dissipel of funksionerende Christen)
- (3) en die dienskneg-fase ('n medewerker van God).

Soms oorvleuel hierdie groei fases effens by 'Christen.

(2) Elke Christen behoort te groei tot by die volgende groei fase.

As jy nog 'n nuwe gelowige in Jesus Christus is, dan:

- benodig jy die "eerste dinge aangaande Christus" (die begin onderrig van die Bybel, geestelike melk).
- benodig jy 'n ander volwasse Christen om jou te help groei ('n mentor of onderwyser).

- is jou doel om te groei tot geestelike volwassenheid (om 'n dissipel van Jesus Christus te word).

As jy 'n dissipel (. 'n volwasse volgeling van Jesus Christus) is, dan:

- neem jy verantwoordelikheid vir jou eie geestelike groei en gedrag.
- bestudeer jy die Bybel self of saam met ander (in 'n dissipelgroep) (en pas die waarhede toe).
- is jou doel om te groei tot vrugbaarheid en om 'n medewerker van Christus te word.

As jy 'n medewerker (. 'n dienskneq van Jesus Christus en sy Kerk) is, dan:

- hou jy aan met groei as dissipel van Jesus Christus.
- dien jy God in Jesus Christus deur verlore mense te wen (evangelisasie) en/of deur geredde mense op te bou (dissipelskap).
- is jou doel om God te verheerlik, Gods koninkryk uit te brei en om in ander se lewens vrug te dra vir God.

E. PERSOONLIKE EVALUERING

1. Bid en evalueer.

Evalueer stil jouself.

Watter van hierdie karaktertrekke beskryf jou die beste?

Wat wil God hê moet jy hieromtrent doen?

2. Bid en verbind jouself.

As jy nog 'n jong Christen is, verbind jouself dan om 'n dissipel van Jesus Christus te word ('n volwasse Christen).

As jy reeds 'n dissipel is, verbind jouself om 'n medewerker van Jesus Christus te word:

- om evangelisasie te doen
- om dissipels te maak (word 'n dissipelgroepleier)
- om onderrig te gee of te preek of enige van die baie dienste te verrig in die Kerk van Christus of die Koninkryk van God.

5	GEBED (8 minute)	[REAKSIE] BID IN ANTWOORD OP DIE WOORD VAN GOD
---	------------------	---

Maak beurte in die groep om **met 'n kort gebed (van een of twee sinne) tot God te bid** in antwoord op wat jy vandag geleer het. Of, verdeel die groep in groepies van twee en drie persone en bid tot God in antwoord op wat jy vandag geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
---	--------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit op 'n stukkie papier of laat die groepslede dit uitskryf.

1. **Toewyding.** Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die studie oor die groeistudie met iemand anders of met 'n klein groepie mense.
2. **Persoonlike tyd met God.** Hou elke dag stiltetyd uit ongeveer 'n halwe hoofstuk van Johannes 4:23 -7:52. Maak gebruik van die gunsteling waarheid metode. Maak aantekeninge.
3. **Bybelstudie.** Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. (5) Openbaring 21:1 - 22:6. Tema: Waarheen is ek oppad? Maak gebruik van die vyf stappe metode. Maak aantekeninge.
4. **Gebed.** Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. **Hou jou notas op datum.** Hierdie keer oor aanbidding van God, stiltetye en hoe om as 'n Christen te groei.